



# Die Kaskenades van Kees Kieswetter

(Die dooie ou dônner)



'n Kort klug

deur

**Nico Luwes**

4-22 Jan 2009  
Jan Brandstraat 17  
Langenhovenpark  
Bloemfontein  
Opvoeregte outeur [luwes@ufs.adc.za](mailto:luwes@ufs.adc.za) 0823742485  
of Dalro

**Die Kaskenades van Kees Kieswetter**  
(Die dooie ou dônner)

**‘n Kort klug**

**deur**

**Nico Luwes**

**Opdragwerk vir Aardklop**

**14 -19 Des. 2009**

**Die Kaskenades van Kees Kieswetter**  
(Die dooie ou dônner)

**Plek: Die begrafnisondernemer se lykskamer**

**Tyd: Nou. Dis die oggend voor die verassingsdiens.**

**Plek: Enige dorp**

**Karakters:**

**Kees Kieswetter se lyk: (Vir Aardklop se weergawe en vereistes vir ‘n 2 persoon opvoering dus ‘n ‘dummy’ van ‘n lyk in die kis – onsigbaar vir gehoor. Andersins ‘n man wat die lyk speel en dus sigbaar in die kis is – veral as ou Grensiena sy arms gebruik om te beduie is dit nogal vreksnaaks) Eerstegeslag Nederlandse besigheidsman van omtrent 55 wat onverwags die emmer geskop het.**

**Grensiena: (45) - Volwaardig vrou. (Van die rak af getrou)**

**Lucia-Anè: (26) - Volborstige vrou. (Nie die skerpste potlood in die pakkie nie)**

**Stem van die Ondernemer: (Vooraf opgeneem en verskyn nie)**

## Toneel een

*Lig baie donker sodat gehoor nog nie die stel behoorlik kan sien nie. 'n Bokstel is onnodig aangesien die ruimte bloot met lig en hangende tekste, doeke ens. afgesonder kan word. 'n Deurraam wat na die Begrafnisondernemer se Ontvangskamer lei impliseer dat daar so 'n vertrek van die verhoog af is.*

*Voorafopgeneemde stemme klink op so 'n intieme wyse op dat die gehoor in die donker 'verplaas' word na die Begrafnisondernemer se Ontvangskamer langsaan. 'n Dingdong klockie word gedruk en "Ek sien 'n nuwe Hemel kom" speel elektronies ietwat ongewyd en taamlik vinnig.*

*Stem (van Ondernemer - gewyd met daai valse opwaartse infleksie): Binne...*

*Stem (van Grensiena ook met 'n versigtige waardigheid): Dankie...*

*Stem (van Ondernemer): Goeiemore, Mevrou... Ek is bly u het vroeg gekom. Ek moet dringend die oond gaan aansteek vir die 12-uur braai.. ek bedoel die 12-uur sessie. Dit vat 'n hele rukkie voor die oond op eenduisend seshonderd grade inklok...*

*Stem (van Grensiesa grensend): Ek verstaan...*

*Stem (van Begrafnisondernemer - troostend): U kan maar deurgaan... As u my dus sal verskoon... Ek weet u wil 'n paar stil en gewyde minute by hom deurbring. As u klaar is, sluit maar net die buitedeur. Daar is 'n Yale-lock... Niemand sal u hier wil kom steur nie... Die ligswitch is by die deur. Onder die omstandighede probeer ons die kamer maar koel hou... u weet.*

*Stem (van Grensiena): Ek verstaan. Natuurlik... Baie dankie... Ek maak so...*

**Stem (van Ondernemer):** Nou maar goed. Dan groet ek eers. Ek sien u twaalfuur by die br... verassingsdiens.

*Grensiena se silhoëtte verskyn in die deuraam. Sy soek die skakelaar en kry dit aan. Pienkerige lig en orrelklank (kyk onder) skielik helder en hard op. Dis die Begranisondernemer se vertoonkamer vir besoekers waar die afgestorwene, Kees Kieswetter, se lyk in die oop kis vir oulaas kan bekyk word. Die oop kis is op twee goudgeverfde bokkies staangemaak. Indien 'n akteur die lyk speel is die agterste bokkie gelig sodat die gehoor die lyk sien. Daar lê die ou dooie dônner - so mooi Moeder-Theresa-handjies-gevou en Jurie-Els-pienk-gegrimeer. Die vertrek is gevul met sagte gedrapeerde lappies, muurteksies, biddende hande en plastiekblomme, soveel so, dat die gehoor 'n kitch-kotsaanval moet kry bloot by die aanskouing van die valsheid van die Ondernemer se "heiligdom". Uit 'n ou kassetspeler op 'n sytafeljie staangemaak, kom die effe valse en trekkerige orrel-opname van Tant Grieta-op-die-dorp se onsekere weergawe van "Ek sien 'n nuwe Hemel kom.." Sy 'slip' op 'n paar van die voetnote en soek soms naarstigtelik na die regte noot terwyl die klawers bo op akkoord ingehou word tot die regte voetnoot gevind word.*

*Grensiena is 'n groterige vrou en konserwatief aangetrek in 'n donker rourok vir 'n besoek aan die lyk. Sy het 'n hoedjie op met die swart kant oor die gesig. Sy slaan 'n patetiese figuurtjie vol rou as sy so grensend om haar kyk en treurend saggies ween soos 'n hardlywige hondjie in die middel van die winter op 'n gevriesde grasperk.*

*Die buitedeur gaan toe en die Ondernemer is duidelik op pad om te ry krematorium toe. Sy kyk terug na die Ontvangskamer om te sien of hy werklik weg is en dan hoor ons sy motor aanskakel en ry.*

*Grensiena (knip haar huil dramaties kort, snuit haar neus en stap met verwoede krag tot by die lyk se koppenent. Sy pluk die hoedjie met die kant van die kop af en is duidelik die donner in): Dáár lê jy nou, Kees Kieswetter! (Sy klap sy gesig met die nethoedjie op elke woord) Jou dooie... ou... donner! (Sy kyk*

*vir oomblik na hom asof hy gaan reageer en raak verleedmakerig) O! Nou's jy stil nê? Kan ek jou nou vra? Waarom was jy die laaste vir maande "op biesigheid in de Kaap? Wat het daar aangevang? En waar is my polisgeld en my pensioengeld belê?" (Sy vat sy kakebeen in die kis vas en dwing hom om te praat met haar hande wat sy mond oop en toe trek soos hy 'praat' tesame met haar nabootsing van sy Nederlandse woorde) "Daat het nieks, maar helemaal nieks my jou uit te waaie, Grensiena! Iek het biesigheidsbelange en iek weet van kundige beleggings! Belangerijke biesigheidbelange waarna ek moet omsiet! Wat wiet jy daarvan, Grensiena? Wat wiet van jy van beleggings? Hê? Seg voor mij? Laat iek jou segge! Nieks! Helemaal nieks. Jou kop so digt toegeslaat gelijk een plèstiekspeelpop sijn poepol!" (Haar eie stem as sy verwoed terugstaan) Is dit so? Jou ou opgekrimpte dooie donkiedrol! (Sy steek vir hom tong uit van die lekkerkry. Taamlik luid asof hy doof is) Ja! Jy't my reg gehoor, Kees Kieswetter! (Sy raak weer so weggevoer dat sy hom weer met die hoedjie takel) Laat iek jou segge! Jou opgekrimpte dooie... donkie...drol!*

*(Sy is duidelik teleurgesteld dat hy haar nie kan hoor nie en plak die hoed weer op haar kop. Sy raak bewus van die fieterjasies om haar en besluit om na die goed te kyk. Van die Biddende Hande kyk sy weer na hom) Ja wragtag! Net so! (Sy hou haar handjies ook so gekruis) Ene Moeder Theresa heilige handjies gevou! Jy wat jou kloutjies van g'n boudjies kon afhou nie. Enige ou dingetjie met 'n paar knopies te laag en 'n knopstertjie en jy wriemel jou handjies soos 'n Jood voor 'n 'till'. Wel... nou is hulle stil, ou Botterbul! (Sy gluur die kassetspeler wat nog steeds kerm aan) En geen 'Nuwe Hemel' vir jou nie, Kees Kieswetter! (Sy klap die kassetspeler stil) Hoe durf jy vrek? Sommer so? Al wat ek hoor is dat jy na 'n vergadering lepel in die dak gestee het. En dit in 'n hotelkamer? In die Kaap! Watse vergadering was dit? Is dit waar jy vir die laaste vier maande was? Die Kaap? Om te wat? (Sy gaan gryp weer sy kakebeen en laat hom praat,*

*maar in haar eie stem*) Of het dat ook “Nieks! Ja, helemaal nieks” met my te doene nie? *(Sy staan terug en bekyk hom weer)* En daar skop jy die emmer... Sommer so op 55 en jy sê my nie laat jy wil vrek nie! En dit nogal... *(Sy kyk soekend rond)* ...in die Kaap en ek moet betaal om jou lyk hier op Bonnievale te kry. Weet jy wat kos die lykswa? R2,321! Wat ek waar kry? Ek moet betaal! Nou vra ek jou. Waar is my pensioengeld en my beleggings wat jy sou belê? Nadat ek vir twee jaar boggerol geld of g enige tyding van enige wins van jou gekry het! Ja, en dit nogal... *(Nou strip sy behoortlik moer en pluk ‘n plastiekruiker uit ‘n pot en donner hom oor sy lyf soos ‘n skoolkind wat plathand kry op elke woord)* En dit nogal sonder om vir my te sê WAAR... HET JY DIT BELÊ? En nog ‘n ding! Waar IS... JOU... TESTAMENT! Hoor jy my? Ek vra! *(Sy wil hom weer slaan, maar swaai die blomme moedeloos in die lug rond)* Waar is my geld en jou bleddie testament? *(Sy gee moed op en trek vir haar ‘n stoel nader om met hom te praat. Sy hou die blomme soos ‘n ruiker voor haar)* Hier sit ek met ‘n dooie dônner sonder ‘n testament en sonder geld. En die verassing is twaalfuur! Weet jy wat kos daai braaivleisvuurtjie vir jou vandag vir my? Drieduisend tweehonderd rand sonder *tax* en ek kry nie eers hierdie goue *handles*’ aan hierdie kis as ‘n *rememberanc*’ aan jou terug nie! Wat sal ek daarvoor kry by *Stoney’s Scap Metal*? Boggerol! Dis nie dat ek dit wil hê nie, jou donkiedrol! Ek soek jou dekselse TESTAMENT en my beleggings!! *(Sy kyk na die blomme in haar hand)* Nie eers ‘n blom in my lewe nie! Niks! *(Sy gaan druk die blomme sonder seremonie terug in die pot)* Nie eers ‘n plêstiekbloem nie! Nee! Jy kom hier 3 jaar terug uit Holland aan, gekous en ge-*sandle* en sonder een blierrie blom. *(Sy skree in sy ore)* Holland is die land van blomme hoor!

*(Sy gryp weer sy kakebeen en maak hom praat)* “O, Grensiena! Jij moet dat beleef hoor! De uitgestrekte weilande en de vleilande oervloedig overtrekt van de tulpe en de bloemen hoor! Soveel daarvan dat de bloemen eigenlijk een verpesting worde! Was dat niet voor de gore geur van die varkenswinde en de varkensdrolle op de lande, had ons die bloemen

alemaal uitgetrekt en verbrand, ja! Jy wil bloemen hebbe? Bloemen? Verpestelike bloemen! Sentimente snot van 'n vrou seg ek vir jou! Sentimentele snot!" (*Sy begin nou ernstig ween*) Ja... jy kom hier aan met jou reguit maniertjies en jou hoogopgetrekte broek en bonte kouse in daai simpel *sandles* en... dit was vir my oulik. Kan jy dit glo? Oulik! En jy tjaaf my daar agter die Checkers *till* uit met al die mooi praatjies van "...hoe ik alles verloor het in Holland weens de varkengriep en hoe my arme vrou gesterf het van een giftige aartappleslaai en hoe ek moes uitspring na Zuid Afika om vir my dierbare dogtertjie te kom geld verdien". En ek, Grensiena-hoog-op-die-rak val daarvoor? En ek gee jou my pensioengeld vir jou "biesigheidsbelange!" Ga! Jou verdomde gatvlieg!" (*Sy vlieg op en gryp weer sy kakebeen sodat hy kan voortgaan in sy romantiese stem*) "Ag, my lieve Grensiena... Hoe eensaam is dat tog hier in de grote en wye Zuid Afrika... En kijk hoe die tijd voor ons aanstappe" en "Aag... hoe 'n mooie paar ogies het jy... en ek ben so alleen..." En wat doen ek? Een kant klop die kliere en aan die anderkant klop 'n kop vol *commen sense*. Wie wen, wie wen, wie wen? Die blerrie KLIERE! Ek, op 42, 'n volwasse vrou met verstand, luister na my bleddie KLIERE? Waar de hel gaan ek nou weer werk kry? Dis jou skuld! Ja, jounel! "So 'n paar mooie ogies" en ek sit met my "paar mooie ogies" op die pot daaroor! Dis alles jou skuld, Kees Kieswetter! Ek gaan staan wragtag my naam en gat maak voor die preekstoel met 'n wewenaar wat nie eers 'n sent op sy naam het nie... (*Dit val haar by*) En wat ook maar net ses eiers op 'n dosyn werd is in die ander sake van belang! Of eerder was! Want daar lê jy nou. Ja! Ses eiers op 'n dosyn, sê ek vir jou! Dis wat jy was! Al wat jy ordentlik kon doen was winde laat!

Grensiena: En ek vat wragtag my pensioen om jou te help begin met "jou biesigheidsbelange". Jou "biesigheidsbelange" waarvan ek niks van weet of niks van sien nie, want "iek is mos so digt gelijk een plêstiekspeelpop... So digt gelijk een plêstiekspeelpop zijn poephol! (*Sy ween 'n wyle verwoed en snuit dan weer haar neus*) Hoe kon jy, Kees? Hoe kon jy vrek sonder

om my te se waar is my geld en jou blerrie testament? En as jy wel gevrek het sonder ‘n testament “...hier in de wye en droewe Zuid Afrika?” Wie gaan erf, Kees Kieswetter? Wie gaan erf? Jou blerrie in Holland? Sy wat nie een keer... hoor jy..? nie eenkeer in drie jaar van haar laat hoor het nie. Sit seker salig en aartappels skil in Holland? Nou... Ek vra nou vir die laaste keer! Waar is jou donnerse testament? *(Sy vlieg op en begin sy dodepak te ondersoek)* Ha! In jou pak? In jou sak? Jou broeksak? *(Sy vat die stoel as leer en klim nou bo-op die kis om ordentlik te soek. Sy voel sy baadjiesak en broeksakke deur. Dit lyk nie baie goed nie!)*

*Die ding-dong klokkie word by voordeur gedruk en “Ek sien ‘n nuwe Hemel kom” speel elektronies weer ietwat ongewyd en taamlik vinnig –‘n halftoon hoër. Lucia-Anè kom hierop af as sy in die deurraam verskyn.*

**Grensiena** *(is so meegevoer dat sy die klokkie nie eers hoor nie en sy is onbewus daarvan dat Lucia-Anè alles aanskou):* **Komaan! Jou ou dooie dônner! Komaan! Gee dit vir my! Dit moet hier iewers wees!**

**Lucia-Anè** *(kom op haar hoëhakskoentjies versigtig nader. Sy is ‘n silicone-poppie met alles wat oorgedoen en opgelig kan word heeltemaal te hoog opgelig en te groot opgepomp. Eintlik is sy ietwat naïef en baie ‘nice’):* **Verskoon my... Soek jy ietsie?**

**Grensiena** *(vat ‘n ‘double-take’ en val bo-op die lyk in die kis neer en gooi onmiddelik haar valse weenstem asof sy die verdrietige vrou is wat so pas in die kis wou spring):* **Ag Kees... My dierbare, Kees! Hoe kon jy? Hoe kon jy my so in die steek laat? My dierbare, Kees. Hoe kan ek sonder jou...**

**Lucia- Anè** *(troostend):* **Toemaar, mevrou... Ek weet dis baie ‘sad..’ *(Sy haal ‘n snesie uit en gee vir haar)* Hier’so... Kom ek help jou af... Dis baie, baie ‘sad’.**



**Grensiena (*klim met haar hulp af*):** Dankie, Hartjie, jy is so dierbaar. Ekskuus... ek raak so meegevoer... Dit was so 'n skok.

**Lucia- Anè (*trek Grensiena se rok weer netjies*)** Toemaar... Daar's hy. (*Sy kyk vlugtig na Kees en dan weer terug na Grensiena*) O, dis vir my so aardig om hom so te sien. Ek kry skoon die koue rillings. (*Sy gril dat haar tieties klap* )

**Grensiena (*nie juis gepla nie*):** Dit is nogal aardig, ja. Veral dat hy nie praat en soos gewoonlik bevele uitblaf nie.

**Lucia- Anè:** Haai, ek weet dis seker 'n slegte tyd en als, maar ek wil regtig vir u 'n kompliment gee.

**Grensiena:** 'n Kompliment?

**Lucia- Anè:** Ja... 'n Kompliment! Self in hierdie treurige tyd lyk u nog heeltemaal honkie-dôrie en mooi.

**Grensiena (*nogal selfvoldaan*):** Regtig?

**Lucia- Anè:** Ja, regtig! Wat gebruik jy?

**Grensiena:** Hoe bedoel jy?

**Lucia- Anè (*tik op haar wangetjies*):** Jy weet ek glo net aan Sean John se "Unforgivable Woman".

**Grensiena:** Jy glo aan wat?

**Lucia- Anè:** Unforgivable Woman! (*Sy tik weer haar wangetjies*) Vir my gesig... Dit

doen dit net vir my... Veral hulle 'slogan'. "Life without passion is unforgivable" Ek was eers op Revlon se Velvet Creme, jy weet... "Touch it ... Feel it... Love it!" Mens kan daarmee slaap ook!

**Grensiena: Regtig?**

**Lucia-Anè: Ja! (Sy klap haar nek en 'boobies' bo) En vir 'neck' en 'bust' Innoxia Firming... Jy weet?**

**Grensiena: O! Ek sien...**

**Lucia-Anè (ekstaties): Ja! So wat gebruik jy? Annetjie Theron se Anique?**

**Grensiena (stuurs): Ek gebruik niks! (Sy klap haar wange ook) Net Sunlightseep en 'n harde lewe.**

**Lucia- Anè: Nooit! Mens sou dit nooit sê nie. Ek meen vir jou ouderdom...**

**Grensiena: Wat bedoel jy?**

**Lucia- Anè: Ek meen Kees was 55 toe hy... so onverwags... gegroet het, jy weet? Ek meen... toe Kees die gees gegee het?**

**Grensiena (gluur na Kees): 55 Toe Kees die gees gegee het. Nou wat daarvan?**

**Lucia- Anè (Ietwat treurig): Wel, hoe sal ek sê? Toe Kees blykbaar in aksie die... tou opgegooi het?**

**Grensiena: Die tou? Ek het g'n 'clue' waarvan jy praat nie? Jy't gesê Kees was 55. Nou wat daarvan?**

Lucia- Anè: Wel as hy 55 was...

Grensiena: Ja?

Lucia- Anè: Wat maak dit jou dan?

Grensiena: Wat de hel probeer jy vir my sê?

Lucia- Anè: Maar my liewe mens? Is jy dan so digt soos 'n plêstiekspeelpop se ...?

Grensiena (*ontplof omtrent*): **WAT SÊ JY DAAR?**

Lucia- Anè (*skrik haar gat af*): Ekskuus, ek wou u nie ontstel nie. Dis maar net iets wat Kees altyd...

Grensiena (*dreigend en afgemete*): Wat... wou... jy... sê?

Lucia- Anè (*rammel ietwat pateties op 'fully-automatic' af*): Ek-wou-u-maar-net-'n-kompliment-gee, want-as-Kees-55-was-dan-maak-dit-u-seker-ten-minste-75-en-u lyk-nog-so-honkie-dôrie-en-goed...

Grensiena (*stomgeslaan*): Vyf-en-sewentig en ek lyk nog so honkie-dôrie...

Lucia- Anè: Ja! Honkie-dôrie! En 55 plus 20 is tog 75!

Grensiena: Enige bleddie aap weet 55 plus 20 is 75!

Lucia- Anè (*verlig*): Dis reg! En u was seker so 20 toe u hom begin verwag het?

Grensiena (*blaas soos 'n pofadder*): Luister hier, *Vacuumkop!* Ek het vier maande soos 'n fool vir Kees gesit en GEwag, maar ek het wragtag nie vir 20 jaar vir Kees VERwag nie!

**Lucia- Anè: Maar, is u dan nie Kees se Ma nie?**

**Grensiena: Kees se Ma? Lyk ek vir jou soos 'n bleddie bobbejaan? Natuurlik is ek nie sy Ma nie!**

**Lucia- Anè (*regtig omvêrgegooi*): Ekskuus... Regtig ekskuus! Nou wie is u dan? Sy Tannie?**

**Grensiena (*briesend*): Sy Tannie? Sy bleddie Tannie se HOL! Ek is sy vrou!**

**Lucia- Anè (*geskok*): Sy vrou?**

**Grensiena: Sy vrou, ja! En ek 'Miss Honkie-Dorie-Bubbleboobs...' is 45!**

**Lucia- Anè: Maar dit kan nie wees nie?**

**Grensiena: Kannie wees nie? Moet ek vir jou my blerrie geboortesertifikaat wys?**

**Lucia- Anè: Hoekom?**

**Grensiena: Want ek IS 45, my blerrie magtag! (*Sy soek haar ID-boekie en druk dit in haar gesig*)**

**Lucia- Anè: Nee, ek bedoel sy vrou...?**

**Grensiena: Luister hier, Kuikenkop! Wil jy nou vir my vertel ek is nie 45 nie en ek is nie sy vrou nie?**

**Lucia- Anè: Ja. Want dit kan nie wees nie?**

**Grensiena: Vir wat kan dit nie wees nie?**

**Lucia- Anè: Want ek is...**

**Grensiena (*klied nog nie*): Laat my jou sê wat jy is! Jy is so koekoesmal soos ‘n kat wat sit en kêkkel op ‘n tafel! Dis wat jy is!**

**Lucia- Anè: Maar ek is!**

**Grensiena: Ek weet! Ek sê dit dan vir jou! So koekoesmal soos ‘n kat wat sit en kêkkel op ‘n tafel!**

**Lucia- Anè (*onseker*): Nee, jy verstaan nie. Ek is wel... verbonde aan hom.**

**Grensiena: Verbonde aan wie?**

**Lucia- Anè: Aan Kees!**

**Grensiena: Aan Kees?**

**Lucia- Anè: Aan Kees!**

**Grensiena: Kees Kieswetter?**

**Lucia- Anè: Kees Kieswetter.**

**Grensiena (*kyk na haar, dan na die lyk*): Daai dooie Kees Kieswetter?**

**Lucia- Anè: Ja, daai dooie Kieswetter. Ek is sy...**

**Grensiena** (*gluur die lyk in ongeloof aan*): Die klein w%tt@r! (*Dan sien sy die lig en begin lag*) **Kansvatter!** Nee, Poppie, nee. So maklik is dit nie! Jy hoor **Kees Kieswetter** is dood en jy't gehoor hy is dalk nou ryk man met beleggings met die bleddie geld wat ek vir hom geleen om sy 'biesigheidjie te begin'. Jy's nooit dood aan giftige aartappelslaai soos daai liegbek van 'n Kees Kieswetter gesê het nie.

**Lucia- Anè:** Aartappelslaai?

**Grensiena:** Ja aartappelslaai. O, nee! Jy hoor hy's ryk en jy spring op daai vliegtuig op Schiphol en jy vlieg hier na sy lyk toe om te kom erf! Ja! Hier staan sy! Sy vorige vrou wat nooit dood nie. Seker sommer net geskei oor hy so kon lieg en bedrieg en hier kom traai jy jou 'luck' om sy geld te erf. (*Sy gryp haar aan die nek en stoot haar deur toe*) Wel ek het nuus vir jou! Daar is geen bleddie testament nie en ek is sy wettige vrou en hy het jare laas van jou gehoor of van jou gepraat so ek is geregtig om te erf al sê die Meester ook wat! So loop hier uit en vlieg terug Holland toe of ek skop jou so hard onder jou Schiphol dat jy soos 'n lokasiehoender met 'n houtbeen rondtrippel. Loop hier uit en gaan vreet giftige aartappelslaai! Doen dit net dié slag ordentlik!

**Lucia- Anè** (*op pad uit*): Maar regtig...

**Grensiena:** Loop! (*Sy stamp haar uit sig in die Ontvangskamer in en skud die stof van haar hande af*) Verbeel jou! Voel vere vir hom tot hy aftjop en daar's geld ter sprake. Regte jong poepsnuitertjie van 'n vroutjie! (*Vir haarself*) Seker nog nie eers dertig nie? My magtig? Hoe lank was hulle getroud? 'n Jaar? Twee? Kan nie wees nie? Sy moes nog 'n kind van 16 of 18 gewees het? (*Nuwe lig gaan op*) Aha! Dalk is die klein kansvattery sy "kleine kindertjie" uit Holland? Ja dis natuurlik wie sy is, die klein Kieliekoek. Natuurlik! Sy kind. Wel, kind of nie kind nie, sy kry nie 'n

sent nie. Hoor jy my, Kees Kieswetter. *(Sy kry haar sit weer besitlik op die stoel by Kees se kop)* Jy en wat jy het is net myne. Myne!

Lucia- Anè *(huilerig en versigtig uit ontvangskamer)*: Maar, Tannie...

Grensiena *(skree in haar rigting)*: Wie's jou bleddie Tannie?

Lucia- Anè: Ekskuus Tannie, maar ek kan nie uit nie.

Grensiena *(staan dreigend op)*: Moet ek jou kom help?

Lucia- Anè: Se'blief nie, Tannie, Die 'Yale-lock' haak vas. Ek kry nie die deur oop nie.

Grensiena *(sit weer)*: Nou bly dan net daar tot daai seningnek-ondernemer weer terugkom en oopsluit.

Lucia- Anè: Dis reg, mevrou.

Grensiena: Ek is Mevrou Kieswetter! Het jy dit?

Lucia- Anè: Dis reg, Mevrou Kieswetter.

*(Lang stilte terwyl Grensiena beurtelings na die die lyk en na die deuropening na Ontvangskamer kyk. Dit begin duidelik word dat sy begin twyfel of die poppie nie dalk regtig Kees se kind is nie en sy darem te-te erg aangegaan het met die arme kind nie. Daar kom huilgeluide uit die Ontvangskamer. Na 'n ruk kan begin Grensiena skuldig voel)*

Grensiena: Ja toe nou maar. Ek verstaan dis nie maklik nie. *(Die snikgeluide word minder en daar is 'n kort stilte)* Is jy nog daar?

**Lucia- Anè (*huilerig*):** Ja, mevrou...

**Grensiena: O. (*Weer 'n stiltetjie*)** Wat sê jy is jou naam?

**Lucia- Anè:** Ek... ek het nog nie gesê nie, mevrou...

**Grensiena:** Nou wat is jou bleddie naam? Antjie Pampelmoes?

**Lucia- Anè:** Nee... Lucia- Anè, mevrou.

**Grensiena:** Lucia- Anè? Nou wat vir 'n blerrie naam is dit?

**Lucia- Anè:** Dis 'n Afrikaanse naam, mevrou.

**Grensiena (*rol haar ogies in ongeloof*):** Lucia- Anè... Afrikaans? Ga! Ken jy vir  
Jeanne Goosen?

**Lucia- Anè:** Vir wie, mevrou?

**Grensiena:** Jeanne Goosen?

**Lucia- Anè:** Nee, mevrou.

**Grensiena: O.** Nou hoe sou jy ook... daar in Holland.

**Lucia- Anè:** Hoekom, mevrou?

**Grensiena:** Lucia- Anè... As jy vir Jeanne Goosen sê jou Afrikaanse naam is Lucia-  
Anè gaan donner sy jou ma en jou pa met 'n sambok oor sewe dyke tot  
in 'n watergrag tot jy herdoop is met 'n goeie Hollandse naam soos



**Antjie Pampelmoes.**

*(Ons hoor weer Lucia- Anè se snikke uit die ontvangskamer)*

**Grensiena: So toe nou maar! Dis nie jou skuld nie! Hou nou maar op grens!**

*(Ongemaklike stilte en die snikke word stil)* **Dis beter. Nou ja, Lucia- Anè...**

**Wat is jou van?**

**Lucia- Anè** *(nou regtig in trane)*: **Kieswetter, tannie...**

**Grensiena: Natuurlik wat anders?**

**Lucia- Anè: Het tannie asseblief vir my 'n 'tissue?'**

**Grensiena: 'n Wat?**

**Lucia- Anè: 'n 'Tissue' asseblief.**

**Grensiena** *(sug en krap in haar handsak tot sy een kry)*: **Kom haal.**

**Lucia- Anè** *(kom versigtig in en kry dit by haar)*: **Dankie... (Sy wil weer uit)**

**Grensiena: Ja toe nou maar... Bly maar. Jy wil seker vir hom totsiens sê.**

**Lucia- Anè: Ja, mevrou. Dit ook.**

**Grensiena: Dit was maar 'n skok vir ons almal. Jammer kind, ek was seker te rof met jou. Hy was 'n soort van goeie man. Op sy tyd.**

**Lucia- Anè: Ja, hy was seker.**

**Grensiena: Ook maar ‘n bleddie kansvatter! En kyk hoe lê hy nou daar...  
doodonskuldige trek op daai Jurie-Els-pienk bakkies.**

**Lucia- Anè: Dis waar.**

**Grensiena: Mens so sweer hy sou geen mens kon verneuk nie.**

**Lucia- Anè: Dis waar. Maar hy lyk bietjie anders as toe ek hom laas gesien het.**

**Grensiena: Jong, ek jammer om dit vir jou te sê, maar ek het my bietjie te buite  
gegaan toe ek hom daar sien met sy onskuldige bakkies.**

**Lucia- Anè: Dis goed, mevrou.**

**Grensiena: Hoesê?**

**Lucia- Anè: Ek sou ook...**

**Grensiena: Wat? Hy’t sy land gelos om vir jou te kom geld verdien. Wees darem ‘n  
bietjie respekvol! Hy’t jou seker baie liefgehad.**

**Lucia- Anè (*bars weer in trane uit*): Ek het so gedink...**

**Grensiena (*kry nog ‘n ‘tissue’ uit en gee vir haar*): Toe nou maar... Natuurlik het hy!**

**Lucia- Anè (*gluur na die lyk en stamp die kis dat hy wikkel*): Nee hy het nie! Hy het  
nie!**

**Grensiena (*vlieg vervaard op en probeer haar keer*): Nou wat de hel doen jy nou? Los  
hom!**

*(‘n Stoeigeveg ontstaan soos Grensiena die kis wil stabiliseer, maar Lucia-Anè bly klou en skud aan die kis sodat dit gevaarlik begin kantel op die twee bokkies)*

**Lucia- Anè: Hy wou mos! Hy wou mos!**

**Grensiena: Los die arme man! Hy sal afdonner daar!**

**Lucia- Anè: Jou varksige ou man!**

**Grensiena: Hokaai nou!**

**Lucia- Anè (*is nou ook bo-op die kis en wil die lyk klap*): Liegbek! Liegbek!**

**Grensiena (*gryp die bos plastieklomme en slaat Lucia- Anè se gat aan die brand***

***Totdat sy ophou om die lyk te wil slaan*): Los die arme man uit! Het jy nou Heeltemal mal geword? Los hom uit!**

**Lucia- Anè (*keer beurtelings vir haar gat en slaat die lyk*): Eina! Jou ou bliksem!**

**Eina! Varkgevreet! Eina!**

**Grensiena (*Slaag uiteindelik daarin om haar van die kis af te kry en op die stoel vas te druk*): Liewe aarde, meisiekind! Vir wat gaan so tekere?**

**Lucia- Anè (*tranerig*): Jy sal nie verstaan nie!**

**Grensiena: Ek sal verstaan! Praat met my? Wat het die arme man jou aangedoen?**

**Lucia- Anè: Vir my gelieg!**

**Grensiena: Ja toemaar... Hy’t baie vir my ook gelieg!**

**Lucia- Anè: Ja, maar nie oor dit nie.**

**Grensiena: Oor wat nie?**

**Lucia- Anè: Ek is te bang om te sê.**

**Grensiena: Maar my aarde, Hartjie? Praat met met my. Kom blaas jou neus en praat met my.**

**Lucia- Anè (*blaas haar neus en kom tot ruste. Sy gaan staan naby die deur*): Gaan staan daar anderkant. Anderkant die kis.**

**Grensiena: Vir wat?**

**Lucia- Anè: Ek is bang vir Tannie.**

**Grensiena: Vir wat is jy vir my bang?**

**Lucia- Anè: Wat Tannie slaat baie hard!**

**Grensiena (*druk die blomme weer in die pot*): Nou toe. Sien jy? Ek is ongewapen.**

**Lucia- Anè: Dankie, Tannie.**

**Grensiena: Nou toe? Praat.**

**Lucia- Anè: Ek weet nie hoe om te sê nie...**

**Grensiena: Het hy...? Maar my magtag! (*Sy gryp weer die blomme*): Die ou ‘pervert!’ (*Sy slaat weer die lyk*) Hy’t jou gemolesteer! Nê! Sy eie kind. Vieslike ou man!**

**Lucia- Anè** (*spring vorentoe om haar te keer*): Nee, los hom! Dis nie dit nie.

**Grensiena**: Dis nie wat nie?

**Lucia- Anè**: Dis nie dit nie. Ek wou...

**Grensiena**: Jy wou wat?

**Lucia- Anè**: Ek wou hom hê!

**Grensiena**: Jy wou hom hê? Jou klein ‘perve!’ (*Mik na haar en kort jaagtog begin op kis om die kis*) En dan sê jy dit nog! Ek sal daai stoutgat van jou behoorlik aan die brand slaan!

**Lucia- Anè**: Nee Tannie nee! Dis nie wat Tannie dink nie!

**Grensiena** (steek vas): Nou wat de hel moet ek dink?

**Lucia- Anè**: Bêre eers die blomme. Asseblief.

**Grensiena** (*druk die blomme weer in die pot*): Nou sien jy nou? Ek druk die blomme in die pot. Praat!

**Lucia- Anè**: Tannie moet nou baie kalm bly.

**Grensiena**: O, ek moet nou kalm bly. Nou goed ek is kalm.

**Lucia- Anè**: Dis nie wat tannie dink nie... Dis net...

**Grensiena**: Dis net wat? Praat!

Lucia- Anè: Dis net dat hy vir my gelieg het.

Grensiena: Oor wat?

Lucia- Anè: Oor Tannie.

Grensiena (*gluur na die lyk*): Oor my? Ag so! Nou wat het die ou dooie dônner gesê?

Lucia- Anè: Niks. Dis die ding!

Grensiena: Niks?

Lucia- Anè: Absoluut niks. Hy't niks oor Tannie gesê nie.

Grensiena: En jy donner hom daaroor?

Lucia- Anè: Ja.

Grensiena: Hoekom?

Lucia- Anè: Ek het nooit geweet van Tannie nie.

Grensiena (*gluur weer na haar en dan na die lyk*): O! Ek sien. Jy't nooit geweet nie ek hy't niks gesê nie. Hy't hom seker dood geskaam vir my. Getrou met 'n op-die-rak-ou-vroutjie agter 'n Checkers "till" uit? Ek is mos so "digt soos 'n plêstiekspeelpop sijn..."

Lucia- Anè: Nee, ek dink nie dis dit nie. Dis ek wat so "digt soos 'n plêstiekspeelpop was".

**Grensiena: Hoe so?**

**Lucia- Anè: Tannie sien... Tannie sien...**

**Grensiena: Ek sien boggerol! Praat!**

**Lucia- Anè: Tannie sien... ek het nie geweet Kees was getroud nie.**

**Grensiena: Die ou vark vertel dit nie eers vir sy eie kind nie!**

**Lucia- Anè: Dis die probleem... ek is nie sy kind nie.**

**Grensiena: Nou my liewe aarde, my arme kind? Jy's nie sy kind nie? Ag aarde tog!  
Wat moet jou alles nog tref? 'n Dooie pa wat nie jou pa is nie en dan het  
jou ma ook nog rondgeloop! Daar staan jy! Met 'n Flerrieboud van 'n  
ma! Ag my liewe genade! Kom hier, arme kind! (Sy gooi haar arms  
beskermend om Lucia- Anè) Toe nou maar! Toe nou maar.**

**Lucia- Anè (in trane): Ek is nie Kees se kind nie.**

**Grensiena: Ja toe-nou maar... Jy nie Kees se kind nie....**

**Lucia- Anè: Nee... Ek is sy vrou.**

**Grensiena (kliek nie dadelik nie): Jy is sy vrou, ja toe-nou maar... (Sy kliek en vries  
vir 'n oomblik. Dubbelkyk) Jy is sy wat?**

**Lucia- Anè (huil soos 'n varksog wat geslag word): Sy vrou..!**

**Grensiena (druk die arme Lucia- Anè tot op die grond en gaan sit op haar): Sy vrou?  
Jy sê jy is Kees se vrou?**

**Lucia- Anè (*piep*):** Ja, sy vrou.

**Grensiena:** Daai dooie dônner Kees Kieswetter se vrou?

**Lucia- Anè:** Ja.

**Grensiena:** Is dit so? (*Hulle is weer om die kis* ) Nou sal Kees se regte vrou vir jou  
verwurre tot jy erken jy is nié daai dooie donner Kees Kieswetter se vrou  
nie! Klein liegbek!

**Lucia- Anè (*desperaat*):** Maar dis waar! Ek het met hom getrou...

**Grensiena:** Ha ha ha! ‘n Bogsnuiter soos jy. Met hom getrou! Klein swernoot!

**Lucia- Anè:** Vier maande gelede al.... In die Kaap.

**Grensiena:** Regtig? Lieg maar aan jou *Vacuumkop*. (*Sy probeer nou bo-oor die kis  
klim om haar in die hande te kry*) Lieg!

**Lucia- Anè** Hy’t gesê... Hy’t gesê...

**Grensiena:** Hy’t gesê? Praat!

**Lucia- Anè:** Hy’t gesê...Hy’s nie getroud nie!

**Grensiena (*stomgeslaan*):** Wat?

**Lucia- Anè:** Hy’t gesê hy’s nie getroud nie! Hy’t gesê sy vrou is dood van  
giftige aartappelslaai... in Holland.



**Grensiena: Aartappelslaai? (Sy het al begin afklim en vlieg op om haar ID-boekie te kry) Dis 'n lieg! Hy is getroud! Met my! Grensiena Kieswetter née Janse van Vuuren! 45 Jaar oud, woonagtig te Keurboomlaan 88, Bonnievale! (Sy krap in haar handsak op soek na haar ID-boekie) Lees! Grensiena Kieswetter in die eg verbind met Kees Kieswetter! Hier is my ID-boek. Kan jy lees, Kuikenkop!**

**Lucia- Anè (bedremmeld op. Sy lees die boekie wat in haar gesig gedruk word met skok. Dan met ongeloof): Ek het ook so een...**

**Grensiena: Enige aap in Suid Afrika bo 16 het so een.**

**Lucia- Anè: Ek bedoel ek het ook só een. Met net so papiertjie.**

**Grensiena (begin die ergste vermoed): Wat bedoel jy?**

**Lucia- Anè (gaan kry haar handsak en die ID-boekie): So ingeplakte papiertjie! Moet seblief nie vir my kwaad wees nie, Tannie. Iewers moet daar 'n fout wees. (Sy gee vir Grensiena die boekie) Regtig.... dis nie my skuld nie. Kyk daar's die papiertjie.**

**Grensiena (slaan die ID- boekie oop en lees met wrewel): Lucia- Anè... eg verbind... met Kees Kieswetter! (Sy kyk verslae na Kees in die kis) Die... tweegat jakkals! (Sy kyk verslae na Lucia-Anè) Hoe is dit moontlik? Dis teen die wet?**

**Lucia- Anè: Teen die wet?**

**Grensiena: Natuurlik is dit teen die wet! Jy kan nie amptelik met twee of meer vrouens getroud wees nie! Behalwe as jy die dekselse President is!**

**Lucia- Anè (*baie bang*):** Is ek in die moeilikheid, Tannie?

**Grensiena:** Ek weet nie? Alles is so blêddie deurmekaar in hierdie land! Ek dink nie so nie! Nie meer nie. Nie met die President nie! En as dit nog steeds teen die wet is, dan's ons twee altwee los! Gelukkig is die ou dônner dood!

**Lucia- Anè:** Ek het regtig nie geweet nie. Ek is baie jammer...

**Grensiena (*begin lig sien*):** Aartappelslaai? Dood aan aartappelslaai.

**Lucia- Anè:** Hoe bedoel Tannie nou? Hy's dood by 'n ander vrou... in die hotel?

**Grensiena:** Nee jy sê mos hy't gesê sy vorige vrou is dood aan giftige aartappelslaai.

**Lucia- Anè:** Dis wat hy gesê...

**Grensiena:** Nee ou dingetjie! Dit was sy truuk om onnosele vrouens soos ons te uit vang. Ek kry nou die kloutjie by die oor oor daardie storie van die arme dooie vrouetjie. Kees Kieswetter kon lieg soos 'n politikus!

**Lucia- Anè:** Wat bedoel Tannie?

**Grensiena:** Laat ek jou so vra! Hoeveel geld het hy by jou geleen?

**Lucia-Anè:** Net so seweduisend voor die troue. Hy't my gevra om te trou en dan sou ons nog 'n polis van my afkoop wat hy beter sou belê. En hy het darem my nog elke maand my kontant inkomste op naels ook goed belê...

**Grensiena: Arme kind! Dit klink vir my so bekend, Hartjie. So sou hy aangaan tot al jou polisse afgekoop is en iewers, waar net Kees Kieswetter weet, belé is.**

**Lucia-Anè: Ag nee?**

**Grensiena: Agge ja! En nou lê hy daar dood soos ‘n turksvy-verstoppe spreu! Hy wat so kon winde laat!**

**Lucia-Anè (tranerig waai sy haar handjie voor haar neus): Jja dit kon hy baie goed doen!**

**Grensiena: En ons het nie ‘n idee van sy “biesigheidjies” nie!**

**Lucia- Anè (tranerig): Ek was in die Strand vir ‘n weekskursus in naels en hy is Kaap toe en toe hy nie terugkom nie toe bel ek die hotel en hulle sê hy’s dood en hulle het sy vrou in sy ID boekie gebel en sy het sy lyk Bonnievale toe laat kom.**

**Grensiena: Ja ek! Die blerrie fool! Vir R2,321!**

**Lucia- Anè: Dit was alles so deurmekaar. En hulle sê.... hulle sê daar was ‘n heel ander vrou by hom toe hy die tou opgegooi het... Sy’t uit Holland vir hom kom kuier**

**Grensiena: Uit Holland? Seker ingeboek onder Mevrouw Kieswetter!**

**Lucia- Anè: Hulle het so gesê by die hotel ja. Ek was so kwaad!**

**Grensiena: Tipies Kees Kloutjies Kieswetter... En niemand weet waar ons geld of sy testament is nie.**

**Lucia- Anè: Ek het maar by die bank gaan vra. Hulle sê hy het dit omtrent alles in Holland belê. En net voor hy Kaap toe is die res kontant getrek en saamgevat. Daar was niks in die rekening nie. Net in myne nog R300.**

**Grensiena: Dit maak sin!**

**Lucia- Anè: Ek word nou so kwaad!**

**Grensiena: Mens... Jy weet nie wat jou gespaar is nie. Toemaar jong. Jy het darem nog jou R300. Ek nog drieduisend tweehonderd rand sonder *tax* ook betaal om die ou dooie donner die langleer te laat uitklim!**

**Lucia- Anè: Hy't ons altwee geveur!**

**Grensiena: Dit was maar sy maniertjie! Ek het maar altyd geweet van Kees Kieswetter se kaskades. Hy kon daai waterige sy ogies en klouerige kloutjies van g'n vroumens of hul geld afhou nie. Kyk nou Hollandse ou meisietjie in die hotel ook!**

**Lucia- Anè: Hulle sê sy't net kom sê hy's dood en het dadelik vertrek terug Holland toe. Toe weet hulle nie hoe om weer te kry nie?**

**Grensiena: Hulle het seker maar toevallig sy ID met my huweliksertifikaat by hom gekry en my laat weet om sy lyk te laat kom.**

**Lucia- Anè: Maar hoe kon hy wettig met my trou as hy nog met Tannie...**

**Grensiena: Kind! Noem my eerder, Grensiena! Ons is saam deur die blikskottel ingeloop. Ons sal maar moet saamstaan soos susters in verdriet.**

**Lucia- Anè: Maar ek word nou so KWAAD!**

**Grensiena: Toemaar jong. Ek dink ons geldjies kan ons maar op ons mae skryf en met ons bra's doodvryf! Hy's dood sonder 'n sent geld in die bank of 'n testament. Ek is seker hy't al die beleggings Holland toe gestuur na daardie springlewendige aartappeletertjie toe.**

**Lucia- Anè: Hoe kon hy dit aan ons doen?**

**Grensiena: So slim soos die houtjie van die galg. Jy sien Lucia-Anè – ek sal maar aan die naam moet gewoond raak- ek vermoed ek weet hoe hy dit kon doen.**

**Lucia- Anè: Om wettig met ons altwee...**

**Grensiena: ...te kon trou ja. Kees wou nooit van sy Nederlandse Burgerskap afstand doen nie.**

**Lucia- Anè: Hoekom nie?**

**Grensiena: Baie slim! So kon hy die geld seker uitstuur Holland toe. En met my kom trou hy hier met sy nuwe Nederlandse ID en die met jou kom trou het met sy nuwe Suid Afrikaanse ID wat ek vir hom moes kry na ons troue!**

**Lucia- Anè: Is dit waar?**

**Grensiena: Dis wat ek dink. Hy't dubbele Burgerskap gehad, Suid Afrikaans en Nederlands.**

**Lucia- Anè: So hy was 'n... 'n soort van dubbeldoor?**

**Grensiena:** Ja. Die skelmste dooie dekselse dubbeldoor op aarde. Laat hy self vir jou sê. *(Sy sit langs Kees en lig sy lyf half regop, neem sy hand in hare en beduie met sy hand terwyl sy soos Kees praat)* “Jy sien, my lieve Grensiena. Kom de dag van te aftrede krijg ik wel een Nederlandse pensioen en een heel goed medies sorgplan van daar. Asook... let wel... asook een heel skaflik Zuid Afrikaanse ouderdomspensioenetjie van hier. *(Sy swaai sy hand heel en weer asof sy brood smeer)* Zoo botter jij de broodjie mooi aan beide kante en smak jy jou lippe heel te smaaklik, siet jy! Maar joelie Afrikaners is geheel en al te digt gelijks een plêstiekspeelpop sijn poepol dat te verstaat ja!?” *(Op die ‘poepol’ steek sy sy een vinger in die lug)*

**Lucia- Anè:** Die vark! Hoe kon ek so dom wees? Ek word nou so kwaad!

**Grensiena:** En weet jy wat, Lucia- Anè! Getuienis het ek nou nie, maar ek het so vae voorgevoel daai Hollandse poppie in die hotel is terug Holland toe met al daardie kontant wat Kees getrek het.

**Lucia- Anè:** Ek word nou so kwaad! Weet tannie hoeveel naels moes ek daarvoor doen!

**Grensiena:** Laaste maar nie die minste, my ou Kindjie... Ek sweer daai Hollandse Poppie in die hotel was niemand ander as sy eerste vrou nie. Sy was saam in die ding! Sy’t die geld kom haal en hulle was op pad landuit!

**Lucia- Anè:** O ek is nou só kwaad!

**Grensiena ;** Ja-nee! Haar bekkie het sy nooit aan giftige aartappelslaai gesit nie!

**Lucia- Anè (skielik gevaarlik kalm):** Sal Tannie asseblief vir my daardie blomme aangee?

**Grensiena: Natuurlik, my ou Hartjie... (Sy verdeel die plastiekrangskikking in mooi twee helftes en gee vir Lucia- Anè haar helfte) Dis my plesier, ou Kindjie... 'n Groot plesier!**

*Hulle stryk die blomme soos twee latte glad en neem posisie in asof hulle hom in vrede gaan groet. Dan gee die opgeblaasde ly 'n lang harde poep. Hulle gesigte vertrek van liefvallig tot absolute woede! Die voordeurklokkie lui "Ek sien 'n nuwe Hemel kom" Maar hulle is so kwaad dat hulle dit nie eers hoor nie. Hulle grinnik vir mekaar en begin dan die lyk sistematies goed te bliksem op die maat van die voordeurklokkie se aanhoudende gelui van "Ek sien 'n nuwe Hemel kom" Die Ondernemer se geklop en geroep van buite hoor hulle nie eers nie. Ligte doof op die spektakel en 'n opgezoopte weergawe en vinniger weergawe van die effe valse en trekkerige orreloppname van Tant Grieta-op-die-dorp se onsekere weergawe van "Ek sien 'n nuwe Hemel kom" speel. Soos die geslaan versnel 'sliip' daar minder voetnote en die lied klink triomfantlik as eindmusiek.*

*Finis*

**Strandhuis, Hartenbos, 11:46. 19 Des 2009**